Dag 3 – Noag se ark



Inleiding: Gee almal ‘n beurt om ‘n dieregeluid te maak en laat ander raai wat dit is.

Woord: Genesis 6:5-22

(video van storie ook beskikbaar by: *https://www.bible.com/af/kids*)

(Nog ‘n oulike engelse video: *https://www.youtube.com/watch?v=QAsfOcGjgoM*)

Die Here het gesien dat die mens sleg was. Alles waaraan die mens gedink het of beplan het, was deurtrek van boosheid. Toe het die Here spyt gekry dat Hy die mens gemaak het. Sy hart was seer. Op ‘n dag het Hy toe gesê: “Ek gaan alles op aarde verwoes, die mense wat ek gemaak het, asook die diere, al die wilde diere, alles wat kruip en alles wat in die hemel rondvlieg. Ek is bitter jammer dat Ek ooit mense en diere gemaak het.” Een mens het egter alles vrygespring. Dit was Noag. Die Here was lief vir hom.

Van Noag kan ‘n mens net mooi dinge sê. Hy was ‘n goeie man. Hy het die regte dinge gedoen en naby aan die Here geleef. Noag het 3 seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.

In die oë van God was die aarde vol boosheid. Orals was daar korrupsie en wetteloosheid. God het geweet wat op die aarde aangaan. Hy het gesien hoe mens en dier dag vir dag net slegter word. God het Noag eenkant toe geroep ‘n vir hom gesê: “Ek het besluit om alles en almal op hierdie aarde te verwoes. Kyk net hoe besoedel hulle die aarde met hul geweld en wetteloosheid. Ek is op die punt om die hele aarde te vernietig. Bou nou vir jou ‘n boot van goferhout. Maak aan die binnekant sommer ‘n klomp kamers. Sorg dat jy alles waterdig maak. Smeer dit binne en buite goed met pik. So moet jy dit bou: die lengte van die ark moet 135m

wees, sy breedte 22m en sy hoogte 13m. Maak ook vir die ark ‘n spitsdak. Sit ‘n deur aan die kant van die ark in en verdeel die ark in ‘n onderste, middelste en boonste ver-dieping.

Ek gaan ‘n groot vloed oor die aarde loslaat. Die water gaan alles vernietig. Alle mense en diere, ja, alles wat lewe sal doodgaan. Niemand sal hierdie ramp oorleef nie, maar met jou sal ek ‘n ooreenkoms maak. As die water kom, moet jy en jou familie in die ark ingaan. Maar julle moet ‘n klomp diere saamneem. Van alles wat leef, moet julle twee-twee die ark invat - ‘n mannetjie en ‘n wyfie. Van al die rein diere en van al die voëls, moet jy 7 pare vat. Hulle moet saam met jou in die ark bly. Jy moet ook vir genoeg kos sorg. Jy moet genoeg saamvat en in die ark wegpak sodat julle en die diere kos sal hê om te eet.”

Noag het dit toe gedoen, net soos God vir hom gesê het. Toe alles klaar was, het die Here vir Noag gesê: “Gaan in die ark en neem jou gesin saam. Van almal op die aarde het jy die naaste aan my geleef. Binne 7 dae stuur Ek reën.”

Gesels as gesin oor die volgende vrae:

1. Wat het die mense gedoen wat God hartseer gemaak het?
2. Was Noag anders as al die mense wat so baklei het?
3. Wat het God van Noag gevra?
4. Wat het op die 7de dag gebeur?
5. Toe die reën ophou het daar 'n reënboog verskyn. Waarvan is dit 'n teken?
6. Wat is 'n belofte?
7. Wat beteken dit as jy iemand iets belowe?
8. Het God sy belofte dat die aarde nooit weer sal oorstroom nie gehou? Het ons steeds 'n teken van hierdie belofte?

Interessante feite oor DIE ARK

Die Ark was 133 meter lank,

22 meter breed en

13 meter hoog.

Die Bybel sê dat Noag se vloed al die berge van die wêreld bedek het tot op ‘n diepte van 6 meter – die presiese diepte wat nodig was vir die Ark om oor die hoogste berg wat voor die vloed bestaan het, te dryf.

Daar was ongeveer 20 000 soorte diere in die ark.

Die Ark het drie verdiepings gehad en daar was ook kamers, neste of rusplekke, vir die diere.

Dit het ook net een enkele venster gehad aan die bokant wat so lank soos die bokant van die Ark was.

Die Ark het gelyk soos ‘n reuse reghoekige houtboks waarin goed gebêre kan word.

Speletjie

Druk 2 kopieë van bladsy 6 uit op karton en knip die blokkies uit. Ek het sommer seediere gekies. Draai die blokkies om sodat julle nie die prentjies kan sien nie en gee almal ‘n beurt om 2 op ‘n slag om te draai. As jy 2 maats kry wat pas, kan jy die pakkie hou. As dit nie pas, draai dit weer terug. Die persoon met meeste pakkies aan die einde, wen die speletjie.



Aktiwiteit en Inkleur

Kom ons maak ‘n ark. Kleur eers in en vra dan vir mamma en pappa om jou te help met die vou en plak. Druk die templaat op bladsy 5.

1. Sny die twee stukke uit.
2. Kleur albei stukke en skryf jou naam op die boot.
3. Teken vir Noag in die leë venster.
4. Vou alle stippellyne in.
5. Sit gom op die 4 oortjies op die boot - sorg dat die oortjies tot by die stippellyne met gom bedek is.
6. Steek die boog op en druk die voorpunte van die kante van die boot teen die gomplate vas om 'n perfek gepunte boog te vorm.
7. Vou die kajuit op al 3 stippellyne.
8. Sit gom op die gom-oortjie.
9. Bring die bodem rondom oor die gom-oortjie.
10. Sit nou gom op die onderste paneel en plaas die kajuit in die ark.





FOLD on all doted lines

Cutting Trick
START HERE
Cut to the corner
and STOP!
Pull out your scissors
Put your scissors in to cut the other line into the corner